



Ons gaan anders anderkant uitkom...

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Groot was my opgewondenheid toe ek hierdie jaar die geleentheid kry om my gunstelingvak, Grieks, vir studente by NWU te doseer. Desember is gebruik om my eie Griekse kennis op te skerp, want die dosent moet darem 'n bietjie slimmer as die studente wees.

Gou-gou het die ritme van klasgee, studente aanspoor en oor die vingers tik, toetse uitwerk en merk, voorbereidings vir klasse en oneindig baie lees, deel van my lewe geword. My studente het gelyk of hulle 'n bietjie Grieks verstaan, en ek het moed geskep dat hulle almal die paal sal haal.

By my tuisgemeente, Philadelphia, het ons die nuwe jaar met groot verwagting begroet. Ons Eerstejaarskamp was 'n groot sukses. Die negatiewe effek van *Fees-must-Fall* op die kampuslewe en die studentebediening wat stadig besig is om 'n gedagte van die verlede te word. Ouers het weer vertrou gekry in die universiteitstelsel. Ons bedieninge het nuwe momentum gekry en ons het begin gesels oor die uitbreiding van studentebediening – daar is oneindige moontlikhede in Pretoria!

Toe gebeur 26 Maart. Die joernalis Charles Smith het in 'n artikel vir Netwerk 24 hierdie dag so beskryf: *Vandag eindig die lewe soos ons dit ken. Om middernag begin 'n nuwe, onsekere en troebel tydperk van afsondering, oorlewing, oordenking en net dalk 'n nuwe, vars begin. Ons gaan anders anderkant die virus uitkom...* Ek het gedink dit is 'n bietjie melodramaties! Min het ek geweet hoe profeties en waar sy woorde sou wees. Alles het inderdaad verander. Die studente is almal huis toe. Geen jong, vrolike gesigte nie. Geen uitgelate gelag en geen gesels. Geen student op 'n fiets vir wie ek moet koes as ek by die kerkterrein inry nie. Die strate rondom die kampus is stil. En leeg.

Studies moes egter hervat word – 'n enorme uitdaging vir dosente en studente. Ek moes nuwe, vindingryke maniere vind om 'n vreemde taal aan studente te verduidelik en hulle opgewonde te hou! PowerPoints, MP3's, MP4's, E-Fundi (in die geval van NWU), WhatsApp en Zoom het my nuwe taal geword. En oneindig baie voorbereiding. My rekenaar het my wêreld geword.

Vir die studente is dit ook nie maklik om vanaf die huis te werk nie. 'n Klassituasie skep moontlikhede vir interaksie, vraagstelling, leer by mekaar. Nou is dit elkeen vir homself en haarself ... en baie, baie selfdissipline. In 'n Zoom-sessie sien jy wel mekaar se gesigte en kan jy 'n bietjie gesels, maar spontane interaksie is nie moontlik nie. Grappies en gesels kos data – dus fokus almal op die nodige. Data het skielik belangriker geword as kuier en McDonalds. Sonder behoorlike data is aanlynstudie onmoontlik.

My kontak met studente by my gemeente is via WhatsApp, en soms maak ek 'n *video-call*. Ek mis hul fisiese teenwoordigheid, hul grappies en unieke uitkyk op die lewe. Die studente is almal uitgehonger vir kontak en gesels. Wil hulle terugkeer kampus toe? Die meeste se reaksie is: Ons mis ons vriende, ons mis die sosiale lewe, ons mis 'n normale lewe, maar ons is bang... Bang vir die virus! Ons is nie gemaklik om terug te kom en net weer aan te gaan met ons lewens nie.

Ons gaan anders anderkant die virus uitkom.

Hoe die anders gaan lyk? Ons moet maar wag en sien...

Lief en leed



Ds Henk Calitz

- Ons het met groot skok kennis geneem van die tragiese afsterwe van **ds HW (Henk) Calitz** (40) van Carletonville op Vrydag 19 Junie. Ons innige simpatie gaan aan sy vrou, Martie, hul kinders en ander naasbestaendes, en die lidmate. Ds Marius Kramer sal die gedenkdiens waarneem, op Dinsdag 30 Junie. Verdere besonderhede sal aan gemeentes en predikante gekommunikeer word. (Lees ook die berig by <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/alomgeliefde-dominee-sterf-hy-het-mense-hoop-gegeef/>)




Ds Johnny Young

- **Dr Andorette Hill-Jowett se man, Richard**, is op 22 Junie oorlede. Hy het pankreaskanker gehad. Ons innige simpatie gaan aan die gesin en hul ander naasbestaendes. Besonderhede rakende die roudiens sal later beskikbaar wees.

- Ds Philip (emeritus) en Celia Prinsloo se skoondogter, **Charmaine Prinsloo**, is verlede week aan kanker oorlede. Ons innige simpatie gaan aan haar man, Kobus, en die res van hul familie.

- **Ds Johnny Young** (Rustenburg-Tuine) het uitnemend goed gevaar in Sondag 14 Junie se virtuele Comrades. Hy was algeheel 13de in 6 ure 54 minute. Die prestasies dra ongelukkig geen amptelike status nie, want elkeen het byvoorbeeld sy of haar eie tyd gehou. Sowat 40 000 hardlopers wêreldwyd het, waar hulle ook al was, aan die wedloop deelgeneem. Die atlete moes na die tyd hul besonderhede op die Comrades-webwerf laai.



Prop Waldo Pretorius

- Baie geluk aan **prop PW (Waldo) Pretorius** wat Sondag 28 Junie in die Kuruman-kombinasie georden word, en **prop AC (Anel) Boshoff** wat dieselfde dag in Gemeente Kriel georden word.

- **Die volgende predikante verjaar tot 3 Julie, en word hartlik geluk gewens:**

- Sondag 28 Junie: Ds ER (Elsie) Pretorius (emeritus)
- Dinsdag 30 Junie: Ds JC (Koos) Jansen van Rensburg (emeritus)
- Woensdag 1 Julie: Di MM (Marlize) Gasson (Benoryn) en M (Maryka) Potgieter (Newlands)
- Donderdag 2 Julie: Dr MJ (Martin) Jansen van Rensburg (Delmas)
- Vrydag 3 Julie: Ds PW (Waldo) Pretorius (Kuruman-kombinasie)

- **#hoop vir almal. Voorbidding vir Bybelgenootskappe**

- **Oostenryk** is dankbaar dat hulle Bybels aan gevangenes en vlugtlinge in hul moedertaal kan voorsien en vir al die jongmense wat die Bybelsentrum in Wenen besoek.
- **Duitsland** is besig met die laaste voorbereiding aan die *Basiese Bybel* wat in 2021 bekendgestel word.
- **Italië** bid vir genesing vir hul land in die nadraai van die Covid-19-pandemie, en dat die Woord van God troos sal bring aan die ganse bevolking.

Hierdie noodnommer is beskikbaar om dringende sake gedurende die Covid-19-noodtoestand in Suid-Afrika onder die aandag van die lede van die Bestuurskomitee te bring: 066 109 8308.

Gemeentes en bediening

- **Ds C (Chantelle) du Toit-Phillipson** (beroepafwagting) het 'n beroep aanvaar na Meyerton-Suid (deelyds).

- Besoek itickets.co.za en vind die skakel om na jou plaaslike kerk se dienste te kyk. Lidmate kan dan hul sitplekke vir die betrokke diens bespreek. Lidmate sal kan sien hoeveel plekke daar oor is sodat die maksimum van 50 persone per diens nie oorskry word nie. Daar is geen betaling betrokke nie, maar lidmate het die kans om 'n donasie aan die betrokke



Ds Chantelle du Toit-Phillipson

kerk te maak. Die donasies sal deur die kerk gebruik word om die koste van die stelsel te dek. Vir meer inligting of om uit te vind hoe jou kerk betrokke kan raak, stuur 'n e-pos aan albertus@itickets.co.za of skakel hom by 083 409 4120.

- **Gemeente Bronkhorstspuit** beskik oor 'n **vakature vir 'n orrelis met ingang van 1 Januarie 2021**. Die orrelis is verantwoordelik vir die begeleiding by die erediens elke Sondag om 09:00, en erediens op kerklike feesdae. Aansoekers moet 'n gepaste musiekkwalifikasie hê en vertrouwd wees met 'n groot 3-manuaal-orrel. Ondervinding van die begeleiding van gemeentesang is 'n vereiste. Die vergoeding is onderhandelbaar na aanleiding van die aansoeker se kwalifikasies. Reiskoste sal deel uitmaak van die vergoeding. Aansoekers sal genooi word vir onderhoude. Navrae kan gerig word aan Gerda Theunissen by 013 932 2929 of nhbhs@nhk.co.za. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September 2020.**
- **Gemeente Bloemfontein-Wes** is op 6 Augustus 1970 gestig, en vier dus vanjaar hul **50-jarige bestaan**. Die **feestyd** strek van **6 tot 9 Augustus 2020**. Alle oudlidmate is hartlik welkom om die geleentheid by te woon. Hiermee ook 'n vriendelike versoek dat indien daar oudlidmate is wat foto's en ander memorabilia van die gemeente in hul besit het, hulle dit vir die gemeente beskikbaar sal stel vir gebruik tydens die feestyd. Rig navrae aan die skriba, oudl Willemien Bloem, by wilred6@gmail.com of die kerkkantoor by nhgbw@lantic.net. Meer inligting sal later volg.

- **Dr Frikkie Labuschagne**, direkteur van die Sentrum vir Gemeentelike Bediening (SGB), het vroeër die **Covid-19-hulplyn vir lidmate en predikante van die NHKA** bekendgestel. Die SGB vat hande met 'n gemeenskap van sielkundiges, beraders, begeleiers en terapeute wat bereid is om hierdie dienste *pro bono* en teen verlaagde tariewe beskikbaar te stel aan ons geloofsgemeenskap. Hierdie dienste is beskikbaar vir diegene wat nie toegang het tot mediese fondse nie en wat moontlik nie normale tariewe vir dié tipe dienste kan bybring nie. Gespesialiseerde psigiatriese en sielkundige ingrepe word hiervan uitgesluit. U kan een van die volgende persone kontak wat u sal help om met die regte terapeut/berader kontak te maak:



Prof Theuns Dreyer: 083 660 6486 / proftheuns@gmail.com
Mev Elna Esterhuizen: 079 878 6041 / elna@esterhuizenconsulting.co.za
Dr Frikkie Labuschagne: 082 873 6557 / frikkie@nhk.co.za

Zoom en telefoniese berading is beskikbaar deur hierdie beradingsnetwerk. Individuele beradingsessies en groepondersteunings is ook beskikbaar. Elna verwerk die versoeke en kanaliseer dit na die netwerk van beraders. Uiterste vertroulikheid word gehandhaaf, onderskryf deur die etiese beginsels van die onderskeie beradingsliggame en rade.

Die hulpdiens het ten doel om die impak van die Covid-19-omstandighede op die lewens van lidmate en geloofsgemeenskappe te verminder. Ons wil graag bydra daartoe dat die *Lock-in-Faith* periode onthou sal word as 'n periode waar die geloofsgemeenskap op spirituele, psigo-, sosiale en emosionele vlakke ondersteun is, en groei en verdiep het.

Indien daar binne die werkruimte van die NHKA nog hulp beskikbaar is, word u vriendelik versoek om Elna te kontak: elna@esterhuizenconsulting.co.za.

Belangrik: Bevestig vooraf dat beplande byeenkomste wel sal plaasvind, in die lig van Covid-19.

Vergaderings

- Donderdag 25 Junie: Rata Bestuur Werkwinkel

'n Gedig

Nog in my laaste woorde

Nog in my laaste woorde sal jy wees,
nog in die laaste skeemring van my dink
en weet, as ek alleen in die bitter vrees
van sterwe lê, en al die mindre sink
in my deur vaal vergetelheid: veel haat,
veel liefde wat kon waag om min te vra,
ure wat rus geken 't, of blote daad,
en nie die teken van jou onrus dra,
o jy wat vlam was: skoon en sterk en blind
vir smart; wat alles tot jou beeltnis brand;
wat ál kon eis en nooit volkome vind
versadiging! Dán weet ek het jou hand
my jeug se oopgelate kring voltooi:
mooi is die lewe en die dood is mooi.

NP Van Wyk Louw

(Uit: *Die halwe kring*, 1937)

Nicolaas Petrus Van Wyk Louw is
in Junie 1970 – 50 jaar gelede – oorlede)

Kerklike publikasies

- Omdat talle gemeentes tans nie eredienste het nie en **Die Hervormer** dus nie Sondag by die kerk versprei kan word nie, is besluit om die **Julie 2020-uitgawe** en dalk ook die een daarna, afhange van die situasie, nie in gedrukte vorm te versprei nie, maar slegs elektronies. Sodra alles weer na die een of ander vorm van normaal terugkeer, sal *Die Hervormer* weer in gedrukte vorm versprei word. Die artikels van die Julie 2020-uitgawe word gedurende die volgende week op die Kerk se webblad beskikbaar gestel.
- In **Die Christelike Vrou se Junie 2020-uitgawe** deel dr André Ungerer met ons die kleurespel van die *Biblia pauperum*. Mev Mari-lizé Beukes skets die omstandighede rondom die uitstel van die NHSV se Nasionale Kongres tot 2021, en mev Mariaan Steenkamp vertel meer oor die situasie waarin Rata hulle bevind te midde van die Covid-19-pandemie. Ds Hannelie Botha en mev Elsie Slabbert het die laaste sê met al die oplossings van die *Emoji-pret* van die April 2020-uitgawe. Volg die skakel <https://nhsv.org.za/publikasies/>.

Barmhartigheid

- Weet jy hoe dit voel om totaal alleen in die wêreld te wees? Dit is die gevoel wat baie bejaardes beleef in hierdie grendeltyd. Ons Tuis se tehuise is geslote vir besoekers. Kinders mag nie hul ouers besoek nie. Gelukkig is die **NHSV dames** en **Ons Tuis-personeel** daar om dit vir hulle so aangenaam moontlik te maak. Hulle word bederf met eetgoed – verskeie skenkings is in hierdie tyd aan die Ons Tuis-groep gemaak, wat baie help in finansiële moeilike tye. **Help die NHSV Hoofbestuur om ons bejaardes te help met 'n donasie** wat die lewe vir elke inwoner makliker en lekkerder maak. Kontak Hannelie Fourie van die OTMT-kantoor by hf@otmt.org.za of 012 325 1857.
- **Gerrieshof in Rustenburg** het 'n **eenslaapkamerwoonstel** vir 'n bejaarde persoon beskikbaar teen R2 306 per maand. Dit is 'n ruim grondvloereenheid. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.

- **Huis Frans Boshoff in Brooklyn** het 'n eenslaapkamer-woonregeenheid vir bejaarde persone beskikbaar teen R366 160 en 'n maandelikse heffing van R2 970. Die woonstel is geleë op die perseel van Machteld Postmus, naby winkelsentrums. Verskeie dienste word gelewer. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**
Kieserstraat 126, Rietondale
2 eenslaapkamerwoonstelle te koop teen R520 000
1 eenmanwoonstel te koop teen R510 000
1 eenslaapkamerwoonstel te huur
Navrae: Ansie Joubert 012 329 4318 / 084 920 8723
Seniordalpta@gmail.com



Toerusting

- **40-dae-avontuur in die Woord van God**
God se asem tussen bladsye
26 Julie tot 30 Augustus
Projek van die Bybelgenootskap
Gekoördineer deur NG Gemeente Witrivier
 - Ses Bybelstudietemas vir groepe of individue
 - Teksgedeeltes vir daaglikse stiltetyd sodat deelnemers in die 40 dae 'n gedeelte uit elke Bybelboek sal lees
 - Preke
 - DVD as inleiding tot elkeen van die ses temas
 - Aanhalings uit die nuwe Afrikaanse vertaling wat in November 2020 bekendgestel word
 Navrae: dsjurgens@ngwitrivier.co.za / 079 292 9545
- **Aanlynkursusse in pastorale berading**
 - Algemene jaarkursus in pastorale sorg en krisis-intervensie
 - Jaarkursus gefokus op die vrou
 - Jaarkursus gefokus op treurberading en sterwensbegeleiding
 - Jaarkursus gefokus op die huwelik
 - Jaarkursus gefokus op trauma en krisis
 - Jaarkursus gefokus op pastorale begeleiding van kinders en jongmense
 Elke kursus bevat 12 subtemas
 Studente kan enige tyd van die jaar registreer
 Al die kursusse kan via afstandonderrig gedoen word
 Leraars ontvang ten minste 50 VBO-punte vir elke kursus
 Vir lede van CPSC (Beradersvereniging) is daar 20 punte vir elke kursus
 Die kursusse kan ook as krediete dien vir verdere studie
 Navrae: Prof Wentzel Coetzer wentzelc@gmail.com
 018 294 7457 / 083 660 0409
- **Brugbedieningskursus by UP**
Sentrum vir Kontekstuele Bediening
Week 1: 9-12 November 2020
Week 2: 22-25 Februarie 2021

Kursusleier: Prof Malan Nel
Koste: R2 500 (BTW ingesluit)
Plek: UP
Kursuspunte: 70
Navrae: Hesmarie Bosman, 012 420 4952 / hesmarie.bosman@up.ac.za

- **Excelsus (Sentrum vir Bedieningsontwikkeling)**

Julie 2020

- 14 -15 Kom ons lees die Nuwe Testament
- 21-23 Sertifikaat in Bedieningsontwikkeling (6)
- 28-30 Sertifikaat in Bedieningsvernuwing (6)
- 30-31 Opleiding van begeleiers van 'n bedieningsdiagnose in gemeentes

Augustus 2020

- 12 Kerk van die toekoms (1)
- 18-19 Sinvol besig na aftrede (3)

September 2020

- 15-17 Lentekonferensie

Oktober 2020

- 13-15 Sertifikaat in bedieningsvernuwing (3)
- 20-22 Sertifikaat in bedieningsvernuwing (7)
- 27-29 Sertifikaat in bedieningsontwikkeling (7)

November 2020

- 3-4 Liturgiewerkwinkel (3)
- 11 Kerk van die toekoms (2)
- 12-13 Opleiding van begeleiers van 'n bedieningsdiagnose in gemeentes

Navrae aan Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za

Fondsinsamelings

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Wind-Ex
September/Oktober (datum later bepaal)**

Gesinspretdag en windbukskompetisie
Wen besondere mes – kaartjies R30 elk
Skakel Tobie by 083 327 1500 om deel te neem
Wenner word aangekondig op die gesinsdag



- **Plesion en Rata Maatskaplike Dienste**

Wen 'n motor: Datsun Go ter waarde van R154 000

Koop 'n pakket van 200 (R5 000), 50 (R2 500) of 70 (R3 500) boekies
Maak wins van 75% of 50%

Hou jou eie kompetisie en trek jou finaliste voor Augustus 2020

1 wenner uit elke pakket dring deur na finale sleutelpasgeleentheid

Finale sleutelpas op Rata se DRIVE FOR A CHILD Gholfdag

Later vanjaar by Silver Lakes (nuwe datum sal bepaal word)

Meer inligting: Ds Stephen de Beer (074 658 4630 / gsdebeer@gmail.com)

Diak Andries Pretorius (081 466 8691 / andries@rata.org.za)

Vir uitstallings van die voertuig, kontak diak Andries Pretorius

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Die koste vir advertensies is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van produksie@nhk.co.za.

Gebed vir die week

Vergewe my, Here, dat ek sê dat ek U volg
en dat ek altyd in u teenwoordigheid is –
maar dan verwag ek U nie op die onverwagte plekke nie!
O Here, ek verwag U spesifiek nie
in armoedige omgewings nie.
Nie in huisies waarvan die verf afskilfer
en onkruid die tuintjies oorgeneem het nie.
Nie in kroeë, kronkelstraatjies,
agterbuurte en rooiligdistrikte nie.
Dit is omdat ek vergeet het van die stal,
en van die Baba tussen die plaasdiere.
Dit het nooit regtig tot my deurgedring
dat die jong Prins van Vrede
grootgeword het in die stofstrate
van 'n vaal, plattelandse dorpie nie.
Dat Hy sy mag sou beperk om mens tussen ons te word nie.
Here, as ek U nie raaksien op die alledaagse plekke
en in die doodgewone mense rondom my nie,
is dit omdat ek vergeet het hoe anders as wat mense sou verwag,
u Koningskap gestalte gekry het.
U is met dorings gekroon,
U het die kruis as troon aanvaar –
en die enigste swaard wat U opgeneem het,
was dié van die Gees.
O Here, ek moet nog só baie leer!
Wys vandag die lig van die ster vir my
bokant die plakkershutte in die stad waar ek woon.
Laat my die engelelied hoor
in die versoenende woorde tussen gewone mense.
Ek bring aan U die geskenk van my lewe.

Arthur A Rouner

(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé 2014)